12 Julie 1983

Die Saakgelastigde
Ned Geref Kerk in die OVS
Posbus 399
BLOEMFONTEIN
9300

Geagte mnr van Dyk

INSAKE PLAAS VALSFONTEIN

Hiermee erken ek die ontvangs van die brief van ds C F Heyns gedateer 24 Junie 1983 insake plaas Valsfontein, waarop ek soos volg antwoord

1. Die halwe aandeel van die Sendingkommissie is verkoop aan die Diens van Barmhartigheid en die kontraktuele ooreenkoms dateer vanaf 1 Julie 1983.

2. U kan dus al die dokumente wat verband hou met die plaas aan die kommissie vir die Diens van Barmhartigheid oorhandig soos deur hulle gevra.

3. Die balans van die rekening op 30 Junie 1983 te wete R6 402,38 word gelykop verdeel tussen die Sendingkommissie en die Diens van Barmhartigheid.

4. Ons sal dankbaar wees as u hierdie deel van die sendingkommissie byvoeg by die verkoopsom van die aandeel van die sendingkommissie naamlik R3 201,19.

Baie dankie vir die afhandeling van hierdie saak
Vriendelike groete
Met agting

DS D S SNYMAN
SEKRETARIS SSK